## *HOOFSTUK TWEE*

## *DORPSONTWIKKELING IN DIE CARLETONVILLE MUNISIPALE GEBIED*

### *2.1 INLEIDING: DIE HUIDIGE CARLETONVILLE MUNISIPALE GEBIED; HERKOMS, GRENSE EN 'N BREë TOPOGRAFIESE OORSIG*

Die plaas Twyfelvlakte IQ 286, waarop Carletonville-dorp in 1948 geproklameer is, is al op 30 Junie 1871 deur P.H. de Beer bekom.[1] Hierna was etlike persone in die een of ander stadium die eienaar van die plaas voor West Witwatersrand Areas Limited in November 1946 besluit het om 'n dorp hier op te rig.[2] Carletonville heet na die vermaarde myningenieur Guy Carleton Jones. Hoewel hy 'n Kanadees van geboorte is, het hy die meeste van sy lewensjare in Suid-Afrika deurgebring en 'n prominente rol in die ontdekking dan die sogenaamde West-Wits-Lyn-goudgebied, waarvan Carletonville deel uitmaak, gespeel.[3]

Die Carletonville munisipale gebied begrens 'n omvangryke area wat bestaan uit plaasgedeeltes, goudmyne en dorpe wat verspreid binne die gebied voorkom en daartoe lei dat die streek nog grotendeels landelik voorkom. Dit is oos van Potchefstroom, wat sy grootste en naaste dorp teenaan sy westelike grens is, geleë. Die dorp se munisipale jurisdiksie strek verder ooswaarts tot by die plase Driefontein 113 IQ en Oog van Wonderfontein 110 IQ. Noordwes vorm van die plaas Welverdiend 97 IQ, en verder noord Wonderfontein 103 IQ, die grens. Verder maak die plase Kleinfontein 141 IQ, Deelkraal 142 IQ, Buffelsdoorn 143 IQ, Elandsfontein 115 IQ en Oog van Elandsfontein 114 IQ die suidelike grens uit.[4]

Topografies gesien word die Carletonville-gebied oor die algemeen gekenmerk deur 'n wye plat valley wat omring word deur 'n granietrif aan die noordekant relatief steil granietheuwels, genoem die Gatsrand, aan die suidekant. In hierdie dolomitiese valley word nog 'n prominente topografiese verskynsel, naamlik die Wonderfonteinspruit, aangetref. Dit is die hoofdreineringsaar van die gebied en vloei na die Mooirivier in die weste.[5]

---

[1] Aktes van Transport (Aktekantoor, Pretoria), verw.IQ, plaasregisters, 1865-1910.
[2] ***Die Transvaler,*** 15.1.1954, pp.8-11.
[3] ***The Star***, 18.5.1960, p.17. Kyk ***Hoofstuk Vier***, pp.112-196 vir 'n bespreking van die goudmynontwikkeling.
[4] Kyk Kaart 1, p.21a.
[5] R.A. Pelletier, "Contributions to the geology of the Far West Rand", ***Transactions of the Geological Society of South Africa,*** XL, 26 July 1937, p.128.

Die savanne-tipe plantegroei word onderbreek deur die teenwoordigheid van struike wat verspreid voorkom.[6] ‘n Opvallende kenmerk van die topografie is die aanwesigheid van sinkgate. Voor die aanvang van die mynbedrywighede het sinkgate natuurlikerwys ontstaan. Onderaardse grotte is gevorm deur die oplossing van dolomitiese gesteentes deur grondwater. Dit het aanleiding gegee tot die skielike en/of geleidelike insakking van grondlae.[7] Mynbedrywighede het dié proses verhaas. Die voorkoms van sinkgate het, soos die studies al uitwys, ’n bepalende uitwerking op die gebied se ekonomiese ontwikkelingsgang en lotgevalle gehad.

### *2.2 DORPSONTWIKKELING, 1937-1959*

Ten einde die ekonomiese ontwikkeling van Carletonville as mikrokosmos binne die Suid-Afrikaanse ekonomiese groeiproses beter te begryp, is dit nodig om die proses van dorpsontwikkeling in dié munisipale gebied toe te lig.[8] ’n Beter perspektief van die omgewing waarbinne die ekonomiese groeiproses hom voltrek, soos in ***Hoofstukke Drie tot Sewe*** uiteengesit, word sodoende verkry.

Dorpsontwikkeling in die latere Carletonvillese munisipale gebied het in 1937 beslag gekry toe die goudmynbedryf in dié gebied gevestig is. Waar yl geplaaste spoorweghuise eens die enigste sigbare sametrekking van mense was, het die goudvelde van die West-Wits-Lyn ’n omkeer teweeg gebring. Dorpe, mense, geld, sake-ondernemings, geleenthede, verbeterde paaie en ’n meer ontwikkelde spoorwegstelsel het spoedig gevolg.[9]

---


[6] A.M. Heyns, ‘n Geografiese ondersoek na die landboukleinhoewes in die gebied Randfontein – Welverdiend, p.2.

[7] J.F. Wolmarans, Die ontwatering van die dolomitise gebied aan die Verre Wes-Rand: gebeure in perspektief, pp.1-21.

[8] ***Hoofstuk Sewe***, pp.332-334 gee meer toeligting ten opsigte van die gebied se demografie.

[9] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 3, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 1 Desember 1950,*** pp.34-36; Anon., “Seventeen-hundred new houses for miners: mines of West Wits Line and Klerksdorp have created four new towns – Carletonville, Westonaria, Stilfontein and Orkney”, ***Mining Survey,*** 3(2), March 1951.

**Jan Eggo Hommes, grondlegger van die dorp Oberholzer**



Bron: Mev. G. Hommes

‘n Werwingsadvertensie van Carletonville, November 1947




Bron: Die Vaderland, 15.11.1947

Die vestiging van die eerste drie goudmyne, naamlik Blyvooruitzicht (1937),[10] Wes-Driefontein (1945) en Doornfontein (1947),[11] het entrepreneurs hoë verwagtings vir die gebied laat koester. 'n Aantal dorpe is in dié tydperk tot 1948 geproklameer. Die dorpe is West Wits (1937), Oberholzer (1939), Bank (1940), Welverdiend (1942), Blybank (1947) en Carletonville (1948).[12] Hierbenewens het die Blyvooruitzicht-myn sy werknemers in mynhuise op myngrond geakkommodeer, en 'n groot myndorp het hieruit ontstaan.[13]

Dit het spoedig geblyk dat die ontwikkeling van privaatdorpe, verla West Wits, Blybank, Welverdiend en Bank, nie by die groei van Carletonville, wat deur die toedoen van Gold Fields geproklameer is, kon bybly nie.[14] Stellig die vernaamste redes hiervoor was hierdie dorpe se afstand van die myne sowel as die beskikbaarheid van ontwikkelingskapitaal. Hierteenoor is Carletonville se ontwikkeling finansieel veral deur Gold Field gedra.[15]

Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH)[16] het reeds in 1950 die dorpe West Wits, Blybank en Bank se toekoms as twyfelagtig beskou. Verder was die RONH van oordeel dat die beplanning van dorpe op streeksbasis te laat ingetree het en,

---

[10] R.A. Pelletier, "Contributions to the geology of the Far West Rand", ***Transactions of the Geological Society of South Africa,*** XL, 26 July 1937, p.128.
[11] R. Macnab, ***Gold their touchstone: Gold Fields of South Africa, 1887-1987, a centenary story,*** pp.64-161. In ***Hoofstuk Vier***, pp.112-196 word die goudmynontwikkeling ter plaatse breedvoerig behandel.
[12] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 3, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 1 Desember 1950,*** pp.34-35 asook jaarverslag no.6,…, ***1 Januarie – 31 Desember 1953***, p.19 en Carletonville Munsipaliteit, Cm, Titelvoorwaardes, 1937-1960.
[13] ***Rand Daily Mail***, 2.7.1959, p.6. Vergelyk ook met W. Hagan-Watson, "Down memory lane: Blyvoor's first 20 years", pp.1-10.
[14] Tussenbewaarplek (TBP), Carletonville Munsipaliteit (MCV), leer 22/1(b)(2), Dorpe:memorandum i.v.m die verskynsel van sinkgate en grondbeweging in dolomitise gebiede en die uitwerking wat dit op die toekomstige ontwikkeling van Carletonville inhou, 17.4.1976, p.6.
[15] Die betrokkenheid van plaaslike goudmyne by veral Carletonville se ontwikkeling blyk duidelik uit die dokumente wat vir die studie bestudeer is. Kyk ***Hoofstuk Sewe***, pp293-294, 299-301, 309-310, 314-315, 328.
[16] Die RONH het op 1 Oktober 1947, tot stand gekom met die doel om toesig te hou oor stadsaanleg en streekmoontlikhede te ondersoek sowel as om streekontwikkeling te koördineer. Kyk, Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 3, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 1 Desember 1948,*** p.23

Van die eerste huise in Carletonville (Reynekestraat), kort na 1948.



Bron: Gold Fields of South Africa Limited

indien dit wel betyds gedoen is, dit dié tendens van twyfelagtige dorpsontwikkeling kon verhoed het.[17] Daarenteen het Carletonville vinniger as sy buurdorpe ontwikkel.[18] Die tempo van dorpsontwikkeling in 'n landelike gebied soos hierdié het hoë eise aan die bestaande infrastruktuur gestel.

Die Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, wat in 1944 met sy hoofkantoor in Pretoria gestig is, is versoel om die infrastrukturele ontwikkeling van die Verre Wesrand-Streek te behartig. 'n Plaaslike Gebiedskomitee is in 1949 op die been gebring om die Gesondheidsraad ten opsigte van hierdie omvangryke opdrag by te staan.[19]

Gedurende 1950 en 1952 is nog woongebied vir die omgewing in die vooruitsig gestel, naamlik die landbouhoewes Zuider Zee, oftewel Waters Edge,[20]by die landbouhoewe Welverdiend en Dorpsuitbreiding no. Een in Carletonville.[21] Die versoek vir Dorpsuitbreiding no. Een het van die goudmynmaatskappy West Witwatersrand Areas Limited gekom. As eienaar van Carletonville wou hulle toesien dat die bestaande woongebied uitbrei, aangesien 'n toestroming van mense, namate die goudmyne toeneem en uitbrei, verwag is.[22] In 1951 het die Wes-Driefontein-myn al 213 huise in Carletonville vir sy blanke werknemers gebou, en Doornfontein-myn sowat 60 huise.[23] In hierdie stadium het die

---

[17] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 3, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 1 Desember 1950,*** p.36

[18] R. Macnab, ***Gold their touchstone:…,*** pp.121-124; ***Die Transvaler,*** 15.1.1954, pp.8-11 en W.J. Busschau, "Goudbdryf: reus wat steeds groei", ***Dagbreek en Sondagnuus,*** Uniefeesbylae, 3.4.1960, pp.13, 31.

[19] Carletonville (Munisipaliteit), Gesondheidsraad vir Buitelandse Gebiede (GBG), lêer T6/13(2), Town and regional planning: West Wits Local Area Committee, West Witwatersrand Region Town Planning Scheme, report of town planning officer on the basic principles underlying and the main proposals of the scheme, December 1952.

[20] Die Oberholzer Township Development Company Limited het in Februarie 1950 aansoek gedoen om die in te skakel. Dié naam is egter sonder veel seremonie deur die Transvaalse Dorperaad na Waters Edge verander. Kyk Carletonville (Munisipaliteit), West Wits Local Area Committee (LAC), leer A1/407, Watersedge Agricultural Holding: form of application…, 1.2.1950 asook brief, Secretary Townships Board/Peri Urban Areas Board, 29.6.1950.

[21] Carletonville (Munisipaliteit), Gesondheidsraad vir Buitelandse Gebiede (GBG), leer T6/13(2), Town and regional planning: West Wits Local Area Committee, West Witwatersrand Region Town Planning Scheme…, December 1952, p.4; Transvaal Argiefbewaarplek (TAB), Potchefstroom Stadsraad (PM), Band 351, Town lands, establishment of townships: brief, Sekretaris Dorpsuitlegraad/Stadsklerk, Potchefstrrom, 9.9.1948. Dorpsuitbreiding no. Een is in Julie 1952 geproklameer.

[22] Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RNH), Band 224, lêer NH15/11/8(1), Carletonville-dorp: brief, Secretary Townships Board/Natural Resources Development Council, 13.12.1951.

[23] Anon., "Seventeen-hundred new houses for miners: mines of West Wits Line and Klerksdorp have created four new towns – Carletonville…", ***Mining Survey,*** 3(2), March 1951, p.25.

Blyvooruitzicht-myndorp al sowat 3500 blankes gehuisves, en daar was van dié mense wat in Carletonville wou woon indien nog erwe beskikbaar gestel word.[24]

Die goudmynmaatskappy West Witwatersrand Areas Limited en die goudmyngroep Consolidated Gold Fields het hul volle steun aan die RONH en Gesondheidsraad se beplanningsaktiwiteite in die Carletonville-gebied gegee. Reeds in die jare veertig het hulle sowat 90 vierkant myl vrypaggrond aangeskaf en kenners gevra om die gebied te beplan. 'n Streekplan is voorberei en aan die Gesondheidsraad voorgelê.[25] Laasgenoemde was ondertussen ook met die opstel van soneplan vir die Carletonville-Oberholzer-gebied gemoeid. Van die dorpsbeplanningsvoorstelle soos deur Consolidated Gold Fields-Groep voorgelê, is heelwaarskynlik in die soneplan vervat. Dié groep se voorstelle was ook net op 'n gedeelte van die Gesondheidsraad se ontwikkelingsgebied van toepassing.[26] In 1953 is die Gesondheidsraad se Dorpsbeplanningskemas vir die gebied, wat met behulp van stadsbeplanner K.J.M. Verhoef opgestel is, deur die Plaaslike Gebiedskomitee aanvaar.[27] Die aanvaarding daarvan het saamgeval met die verklaring van die Carletonville-gebied as 'n nuwe distrik genoem Oberholzer.[28]

Voorstelle met betrekking tot dorpsuitleg en waar wat, volgens dié nuwe skema, moes ontwikkel, het egter nie tot 'n algehele tevredenheid gelei nie. So byvoorbeeld het die beplande sakesentrum vir Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee sowel as Dorpsuitbreiding no. Drie reeds ten tye van die opstel van die soneplan kritiek van die Oberholzer Waaksaamheidskomitee uitgelok.[29] Benewens hulle beswaar dat Carletonville te vinnig uitbrei, terwyl 'n ruim getal erwe in buurdorpe beskikbaar is, is ook gemeen dat die RONH se

---

[24] Rand Daily Mail, 2.7.1959, p.6.

[25] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 15.7.1949.

[26] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T6/13, Consolidated Gold Fields/Gesondheidsraad, 17.11.1948 asook T6/13/3722, Gesondheidsraad/Provinsiale Sekretaris, 2.12.1948.

[27] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 6, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 31 Desember 1950,*** p.19 en Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 23.1.1953.

[28] PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2: gebied Westonaria-Welverdiend, verslag no. 3, 1956/57, p.2.

[29] SAB, RNH, Band 224, lêer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: brief, Sekretaris Waaksaamheidskomitee Oberholzer/Sekretaris Dorpsraad Transvaal, 18.1.1952; Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 20.7.1951, 11.2.1952 en 21.3.1952 asook LAC, leer T1/37/1(1), Carletonville Extension no. 3 Township: brief, Sekretaris Oberholzer Waaksaamheidskomitee/Sekretaris Dorperaad, 26.8.1952.

vroeëre versoek vir eenheid tussen Carletonville en Oberholzer[30] doelbewus deur die Dorperaad en mynowerhede geïgnoreer is. Die Waaksaamheidskomitee het geredeneer dat genoeg sake-erwe in naburige dorpe, en selfs in Carletonville Dorpsuitbreiding no. Een, vir sakedoeleindes beskikbaar is. Nog ’n dorpsuitbreiding vir die doel van ’n sakesentrum vir Carletonville het, in die lig hiervan, vir hulle vreemd voorgekom.[31]

Afgesien van die Oberholzer Waaksaamheidskomitee se beswaarheid insake Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee en no. Drie is die plaaslike owerhede skerp gekritiseer oor die uitbreidings van Carletonville, wat volgens die Waaksaamheidskomitee, ten koste van Oberholzer geskied het. Die Komitee het selfs beweer dat ***Carletonville op die verkeerde plek geproklameer*** is.[32] ’n Ander saak wat die Waaksaamheidskomitee aangeroer het, was die monopolie wat mynowerhede teenoor grondeienaars gehandhaaf het. As voorbeeld hiervan is, Venterspost en Westonaria, beide goudontginnigsgebiede buite die noordoostelike grense van die huidige Carletonvillese munisipale gebied genoem. Venterspost het glo gekwyn nadat dit plek moes maak vir Westonaria, ‘n dorp wat deur die inisiatief van mynowerhede geproklameer en ontwikkel is. Die Oberholzer Waaksaamheidskomitee het gemeen dat West Wits, Bank en Blybank besig is om in Venterspost se spore te volg, en moontlik ook Oberholzer.[33]

Ongeag van die Oberholzer Waaksaamheidskomitee se vloed van woorde, het goudmynmaatskappye voorgestel dat die ontwikkeling van Carletonville as naaste dorp aan die myne nie gestuit word nie.[34] Vroeër is ook beweer dat hul werknemers nie begerig was om in die privaat geïnisieerde dorpe Welverdiend, Oberholzer en Blybank te woon nie.[35]

---

[30] SAB, RNH, Band 224, lêer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: brief, Sekretaris Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne/Sekretaris Transvaalse Dorperaad, 11.8.1951 asook verslag, belanning van Careltonville omgewing, 7.2.1952.

[31] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 21.3.1952. Tabel 1, p.29a toon onder meer aan dat net tewee sake erwe vir Carletonville Dorpsuitbreiding no. Een beoog is. Gevolglik word die Oberholzer Waaksaamheidskomitee se redenasie in die verband bevraagteken.


[32] SAB, RNH, Band 224, lêer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: brief, Sekretaris Waaksaamheidskomitee berholzer/Sekretaris Dorpsraad Transvaal, 18.1.1952.

[33] SAB, RNH, Band 224, leer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: Townships Board inspection of proposed Carletonville extension no. 2 township, 3.3.1952.

[34] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/346(1), Carletonville Township Extension no.2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 11.9.1953.

[35] SAB, RNH, Band 224, leer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: beplanning van Careltonville-dorp, 7.2.1952.

Carletonville en Carletonville Dorpsuitbreiding Een (links) teen 1954.



Bron: Aircraft Operating Company (Johannesburg).

Die vernaamste rede hiervoor was sekerlik die gebrek aan noodsaaklike dienste soos water en elektrisiteit, veral ten opsigte van Welverdiend.[36]

Die Oberholzer Waaksaamheidskomitee het sekerlik ook rede gehad om oor die stand van dorpsontwikkeling in Oberholzer bekommerd te wees. Van die sowat 615 erwe in die dorp was slegs 70 in 1953 bebou.[37] Nadat dit egter bekend geword het dat die distrik Oberholzer gaan heet,[38] het 'n persberig daarop gesinspeel dat Oberholzer die Springs of Brakpan van die toekoms kon word.[39] Hierdie spekulasie was egter vergesog, aangesien eiendomsontwikkeling in Oberholzer in geen stadium 'n besonderse kopersmark beleef het nie.


Vir Carletonville het die vooruitsigte vir dorpsuitbreiding in hierdie stadium rooskleurig gelyk. Van die gesamentlik sowat 1138 beskikbare woonerwe wat in Carletonville-dorp en Carletonville Dorpsuitbreiding no. Een beskikbaar was, was 710 al bebou en ongeveer 129 onder konstruksie. Dus was net 299 nog beskikbaar,[40] en dit was nie genoeg om in die Wes-Driefontein- en Doornfontein-goudmyn se toekomstige behoeftes te voorsien nie. Dié mynowerhede se verwagting was dat ongeveer 2000 huise in die hieropvolgende tien jaar nodig sou wees.[41]

In Oberholzer, Welverdiend, Bank, Blybank en West Wits was erwe nog volop, en verwagtinge is gekoester dat hulle by dié beoogde mynbedrywighede sou baat want gesamentlik het hulle oor 2000 onbeboude erwe beskik.[42] Daar is waarskynlik ook gevoel

---

[36] Carletonville (Munsipalieit), LAC, lêer Ti/30/1, Welverdiend Township, water supply scheme: brief, P.A. Viljoen/J.J. Tromp, 19.4.1949. Die Bank-omgewing is eers van 1961 af van elektrisiteit voordien. Kyk TAB, MCV, Band 13, leer, 22/1/2(a), Bank: brief, Stadselektrotegniese Ingenieur, Carletonville/Afdelingsbestuurder, SAS, 4.12.1961.
[37] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/346(1), Carletonville township extension no. 2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 11.9.1953..
[38] TAB, Munisipaliteit Carletonville (MCV), Band 49, lêer 73/5(1), Publisiteit: publisiteit, 8.7.1959 – 8.9.1961 en ***West Rand Times en Wesrander***, 4.9.1959, p.1.
[39] ***Die Transvaler***, 15.1.1954, p.11.
[40] Kyk statistiek van table 1, p.29a met betrekking tot die getal woonerwe op Carletonville-dorp en Carletonville Dorpsuitbreiding no.Een.
[41] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/346(1), Carletonville Township extension no. 2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 11.9.1953.
[42] Kyk statistiek van tabel 1, p.29a met betrekking tot die getal woonerwe in Bank, Blybank, Oberholzer, Welverdiend en West Wits.

**Die voorgestelde dorpsbeplanning vir Blybank en West Wits**




Bron; * Vir Blybank; *Lantern,* 2.8.1952, p.37.

* Vir West Wits: SAB, (JUS), Band 614, lêer 28 17/85: West Wits Reservation of land for government purposes.

dat hierdie dorpe sentraal genoeg tussen die Venterspost-goudmyn (buite die oostelike grens van die studiegebied), die Blyvooruitzicht- sowel as Doornfontein- en Wes-Driefontein-myn geleë is.[43] Die Carletonville-dorpsontwikkelaars het egter nie hierdie sentimente gedeel nie, en het dié dorpsgebiede se a-sentrale ligging en swak erfuitlegte as motivering voorgehou waarom dié fasiliteite nie benut is nie.[44]

Binne die raamwerk van hierdie dilemma en die verwyte van die Oberholzer Waaksaamheidskomitee het dorpsuitbreiding in Carletonville koers gekry. Die plaaslike goudmynbedryf se behoefte en begeerte om hul werknemers in Carletonville te vestig, het dorpsuitbreiding verder gestimuleer. In 1954 is Carletonville Dorpsuitbreiding no. Twee en no. Drie geproklameer,[45] waarmee voorsiening gemaak is vir gesamentlik 82 sake-erwe en 695 woonerwe.[46] Die pers het op grond hiervan rooskleurige toekoms vir Carletonville voorspel. Benewens die voorspelling dat die dorp binne ŉ kort tydjie net so groot soos die gebied se eertydse voog, Potchefstroom, sal wees,[47] is ook gepraat van Carletonville-dorp as ***juweelstad***[48] en Carletonville as ŉ sogenaamde ***nuwe proefneming van ŉ modern lewenswyse***.[49]

Ten spyte daarvan dat Dorpsuitbreidings no. Twee en no. Drie geproklameer is met die doel om die behuisingsnood te neutraliseer, was dit teen 1955 nie voldoende nie.[50] Gevolglik is nog ‘n uitbreiding – dié keer op Oberholzer, genaamd Oberholzer Dorpsuitbreiding no. Een (Blyvoor Township)[51] – in 1955 geproklameer.[52]

---

[43] Kyk byvoorbeeld illustrasie met betrekking tot Blybank en West Wits, p.28a en tabel 1, p.29a.
[44] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, T1/346(1), Carletonville Township extension no.2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 11.9.1953.
[45] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, T1/346(2), Carletonville Township extension no.2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 1954.
[46] Kyk statistiek van tabel 1, p.29a met betrekking tot Dorpsuitbreding no. Twee en no. Drie.
[47] ***Sunday Express***, 7.6.1953, p.7 en ***Die Transvaler,*** 15.1.1954, p.8.
[48] ***Die Transvaler***, 15.1.1954, pp.8-9.
[49] ***Sunday Times,*** 10.4.1955, p.3.
[50] Carletonville News/Nuus, 2.11.1955, pp.2-3.
[51] Oberholzer Dorpsuitbreiding no. Een is aanvanklik as Blyvoor Township bekend gestel. Vanweë die moontlik verwarring met die Blyvooruitzicht-myndorp is die naam na Dorpsuitbreiding no. Een gewysig. Kyk Carletonville (Munsipaliteit), LAC, Minutes: minute, second report on amended plan of Blyvoor Township, 4.1.1954.
[52] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Titelvoorwaardes, 1937-1960; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R. van der Merwe, 3.3.1989 (Hoof: Departement Stads- en Streekbeplanning, Carletonville) en ***Die Transvaler***, 25.1.1956, p.3.

**TABEL 1: 'N OPNAME VAN ERFBEPLANNING VIR GEPROKLAMEERDE DORPE IN DIE MUNISIPALE GEBIED CARLETONVILLE TEEN 1956**

| BLANKE WOONGEBIED | TOTALE AANTAL ERWE | WOON-ERWE | SAKE-ERWE | INDUSTRIëLE ERWE | REGERINGS-ERWE | OPVOED-KUNDIG | PARKE | ANDER |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| * Bank | 189 | 162 | 20 | - | 1 | 1 | 4 | 1 |
| * Blybank | 2 497 | 2 305 | 82 | - | 10 | 5 | 19 | 76 |
| * Carletonville | 612 | 545 | 8 | - | 2 | 2 | 11 | 44 |
| * Carletonville Uitbreiding 1 | 630 | 593 | 2 | - | - | 4 | 10 | 21 |
| * Carletonville Uitbreiding 2 | 182 | 63 | 54 | 23 | 4 | 1 | 1 | 36 |
| * Carletonville Uitbreiding 3 | 379 | 356 | - | - | 1 | 1 | 4 | 17 |
| * Oberholzer | 615 | 527 | 40 | 24 | 1 | 3 | 2 | 18 |
| * Oberholzer Uitbreiding 1 | 342 | 305 | 7 | 13 | 1 | 1 | 4 | 11 |
| * Welverdiend | 922 | 704 | 69 | 37 | 10 | 2 | 4 | 96 |
| * West Wits | 1 303 | 985 | 66 | - | 21 | 1 | 2 | 228 |
| * Blyvooruitzicht (myndorp) erwe reeds bebou | 973 | 966 | 2 | - | 1 | 2 | - | 2 |

Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer T6/13(2), Town and regional planning: West Wits Local Area Committee, December 1952, p.26 en PU vir CHO, ***Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2 ... verslag no. 3, 1956-57***, p.346.

Op sy beurt het die Welverdiend Township Development Company Limited in 1956 'n onsuksesvolle aansoek by die Administrateur van Transvaal om die proklamering van 'n eerste dorpsuitbreiding vir Welverdiend gedoen.[53] In west Wits en Blybank weer was daar in hierdie stadium skaars sprake van ontwikkeling.[54]

Gedurende 1955-56 het die RONH, in samewerking met die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 'n opname in die Carletonville-Oberholzer-gebied, bekend as Beheerde Gebied no. Twee, onderneem. Aspekte soos uitbreidingsmoontlikhede, beroepsvooruitsigte, infrastrukturele dienste, landboupotensiaal en vestigingsmoontlikhede vir blank en swart is ondersoek.[55] Gebaseer op dié verslag, het die RONH aanbeveel dat die Verre Wesrand herbeplan moet word, aangesien 'n nywerheidsgebied vir Carletonville moes realiseer.[56] 'n Hersiene ontwikkelingsplan is as uitvloeisel hiervan deur die Gesondheidsraad opgestel.[57] Die vernaamste oorweging vir die hersiene ontwikkelingsplan vir die West-Wits-gebied was om die ekonomiese sektore in die gebied se ontwikkeling te bevorder, te stimuleer en in ewewig te hou sodat 'n gebalanseerde gemeenskap ter plaatse verkry kon word. Die betrokke gebiedsowerhede het gemeen dat as een sector domineer, slegs een tipe werknemer getrek word, wat spanning op sosiale terrein mag meebring.[58]

Byna tegelykertyd met 'n besinning ten opsigte van die ontwikkelingsplan het nuwe verwikkelinge op die bestuursvlak van die Plaaslike Gebiedskomitee plaasgevind. Op 30 Augustus 1957 is die eerste plaaslik verkose Gebiedskomitee deur die Gesondheidsraad aangewys.[59] Voorheen was komiteelede slegs onderling genomineer en die Gebiedskomitee

---

[53] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer 6/1/1051, Welverdiend Extension no.1: township application for establishment, 16.4.1956. Die soneplan van dei Gesondheidsraad vir die gebied het hiervoor voorsiening gemaak. Kyk Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes; minute, 27.10.1958.
[54] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules, notule, verslag insake verbeteringe te Blybank, West Wits en Bank, 10.11.1958, p.3.
[55] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 8, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 1 Desember 1955, p.9 en PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2…, verslag no. 3, 1956-57, p.iii.
[56] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 10, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie 1957 – 1 Desember 1957, p.6 asook jaarverslag no. 11, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie 1958 – 1 Desember 1958, pp.5-6.
[57] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules, notule, verslag oor die algemene strekking van die Weswitwatersrandse Dorpsaanlegskema in verband met die reservering vir nywerheidsdorpe en die hersiening van die "streek" plan, 7.11.1958, p.1.
[58] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules, notule, verslag oor die algemene strekking van die Weswitwatersrandse Dorpsaanlegskema…, 7.11.1958, pp.3-4.
[59] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 30.8.1957.

**Carletonville se eerste verkose Stadsraad in 1962**



VLNR: * Raadslede A.E. Grundling, C. Rautenbach, D.L.A. Peck, P.J.K. van Vuuren.

* J.H. Amstel (stadsingenieur), dr. W.P. Roux (Deelt. Mediese gesondheidsbeampte), J.P. Jacobs (stadstesourier), L. De Wet (Klerk van die Raad).

* Raadslede J.J. Baard (Burgermeester, C.J. Kriek (O-Burgermeester).

* J.W. van der Westhuizen (Bestuurder van “Nie-Blanke” aangeleenthede), E.E. de Villiers (Elektro-tegniese ingenieur).

* Raadslede A. van der Westhuizen, B.N.D. Geldenhuys, C.J. de Beer en C.J. Joubert (stadsklerk).

Bron: Munisipaliteit Carletonville

deur Engelstalige mynamptenare en dorpseienaars gedomineer.[60] Die plaaslike verkose Gebiedskomitee van 1957 is egter uit die breë Carletonville-publiek verkies, waarna die Gesondheidsraad die finale keuses aangewys het.[61]

Bovermelde mylpaal in die ontwikkeling van plaaslike bestuur, wat grotendeels deur die toedoen van die gebied se ekonomiese en demografiese groei gestimuleer is, is waarskynlik deur die plaaslike Kamer van Koophandel verwelkom. Die Kamer het reeds in 1953 met die Blyvooruitzicht-goudmyn en die Oberholzerse en Carletonvillese Waaksaamheidskomitee rakende die stand van plaaslike bestuur gesprek gevoer en 'n verkose Gebiedskomitee versoek.[62]

Die nuwe Gebiedskomitee van 1957 het van meet af aan hom vir die verkryging van 'n onafhanklike plaaslike owerheid beywer.[63] Gedurende 1958 het verdere dorpsontwikkeling, naamlik die proklamering van Dorpsuitbreiding no. Vier,[64] no. Vyf en no. Sewe,[65] heel waarskynlik die Plaaslik Gebiedskomitee se motivering vir 'n onafhanklike plaaslike owerheid verstewig. Op 1 Julie 1959 is die Plaaslike Gebiedskomitee se ideaal verwesenlik toe Carletonville 'n selfstandige munisipaliteit gekry het.[66] Die nuwe Stadsraad het met 'n personeel van 45 begin.[67]

Die Administrateur van Transvaal het die lede van die Plaaslike Gebiedskomitee wat deur hom as Raadslede benoem is, versoek om die administrasie van die gebied steeds te

---

[60] Carletonville (Munisipaliteit), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 9.4.1991 (Eerste voorsitter van die verkose Gebiedskomitee) asook Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minute, 12.3.1953, p.2.

[61] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 30.8.1957 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.E. Grundling, 9.4.1991.

[62] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: minutes, Far West Rand Chamber of Commerce, minute, 12.3.1953, pp.1-3.

[63] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, report on suggestions by Committee on boundaries of proposed separate local authority, 17.1.1958.

[64] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/386, Carletonville-uitbreiding no. 4: aansoek tot stigting, 5.2.1958 asook CM, Titelvoorwaardes, 1937-1960.

[65] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes, minute, 8.12.1958. Dorpsuitbreiding no. Ses as nywerheidsdorp was toe al ter sprake maar is eers in die tagtigerjare ontwikkel. Kyk ***Hooftsuk Vyf***, pp.208-209.

[66] Unie van Suid-Afrika, Die provinsies van Transvaal, ***Offisiëele koerant***, CLXIX, 24.6.1959, kolomme 11-14 en Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 18.6.1959, pp.6-7.

[67] TAB, MCV, Band 5, leer 2/2, Amptelike onthale en funksies van die burgermeester: verslag van die burgermeester, 4.11.1960, p.5.

behartig tot 'n volwaardige munisipale verkiesing in 1960 vir die gebied gehou kon word.[68] Carletonville se munisipale grense soos dit in 1959 bepaal is, was ietwat kleiner as dié waarin die West Wits Gebiedskomitee voorheen gefunksioneer het.[69] Die nuut afgebakende gebied wat vanaf Welverdiend ooswaarts tot by Bank en verder suid tot bo-op die Gatsrandheuwels strek, het ook die mynhuurgebiede van Doornfontein, Blyvooruitzicht en Wes-Driefontein sowel as 'n gedeelte van huidige Western Deep Levels-myngebied ingesluit.[70]

Kort na verkryging van munisipale status is nog 'n dorpsuitbreiding in die Carletonville-gebied, naamlik Carletonville Dorpsuitbreiding no. Agt (Oktober 1959),[71] sowel as die dorp Pretoriusrus (Desember 1960)[72] geproklameer. Die jong Stadsraad het nie veel gesag oor die omliggende myndorpe gehad nie. Dit het heelwat probleme veroorsaak. Die mynowerhede het byvoorbeeld nie myndorpe anders bestuur as die wyse waarop die Stadsraad beheer in die res van die gebied toegepas het.[73] Sommige dorpseienaars in die munisipale gebied het ook die Stadsraad probleme besorg deur nie altyd die betrokke dorp se stigtingsvoorwaardes na te kom nie. Dit het 'n stremmende uitwerking op dorpsontwikkeling gehad.[74] Uit die aard van die studieterrein word nie dieper op hierdie twee aspekte ingegaan nie. Dit is belangrike velde van ondersoek binne die breë konteks in ekonomiese geskiedskrywing wat selfstandige verdure studie regverdig. 'n Veel groter probleem egter, vanaf die wordingsjare van die nuwe plaaslike owerheid, was sinkgate wat in die omstreke ontstaan het.[75]

---

[68] TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2(3), Inhuldigingsplegtighede: verslag van sy edelagbare die burgermeester vir die tydperk geëndig, 7.3.1962 en ***Carletonville Herald***, 2.11.1984, bylae, "Carletonville 25 jaar".

[69] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/29(1), Plaaslike Gebiedskomitee: brief, Waksaamheidskomitee Carletonville/Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 12.10.1948.

[70] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 12, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie 1959 – 1 Desember 1959,*** p.5 en Unie van Suid-Afrika, Die provinsie van Transvaal, ***Offisiële koerant***, CLXIX, 24.6.1959, kolomme 14-16.

[71] TAB, MCV, Band 15, leer 22/1/2L, Carletonville uitbreiding no. 8: brief, Town Clerk Carletonville/Messrs.New Consolidated Gold Fields, 7.10.1959.


[72] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer, T1/31, Pretoriusrus Township, 9.12.1960. Dit blyk dat Pretoriusrus voorheen, terwyl die proklamering daarvan nog in beplanning was, "Blyvoor" genoem is na aanleiding van die myndorp Blyvooruitzicht se verbintenis met die gebied, Kyk TAB, (MCV), Band 16, lêer 22/1/2n(1), Pretoriusrus: brief, Secretary Township Board/The Secretary Peri Urban Areas Health Board, 21.1.1954.

[73] TBP, MCV, lêer 33/1/1/B(1), Bebruik van grond Elandsrand, Augustus 1979 – Augustus 1987: memorandum onoordeelkundige stigting van dorpe te Carletonville, s.j.

[74] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 16.11.1950, p.2 en TAB, MCV, Band 13, lêer 22/1/2(a), Bank: brief, B. Geldenhuys/Stadsklerk Carletonville, 18.12.1966.

[75] Oor sinkgate of versakkings sal in elke hoofstuk hierna gehandel word net vir sover dit 'n invloed op die bepaalde terrain wat bepsreek word, gehad het.

**Die reuse sinkgat op Westdene wat die lewens van die Oosthuizen gesing geëis het**



Bron: *Die Huisgenoot,* Oktober 1964.

### *2.3 DIE ONSTUIMENDE DEKADE SESTIG*

Op die vooraand van die dramatiese onstuimige grondverskuiwings,[76] het 'n nuwe goudmyngebied, genaamd Ultra Deep Levels en later as Western Deep Levels bekend, gedurende 1960-61 vir produksie gereed gemaak.[77] Tegelykertyd is 'n negende dorpsuitbreiding vir Carletonville in 1961 geproklameer.[78] Die Stadsraad het ook daadwerklik aandag aan die eenheidsgedagte tussen Carletonville en Oberholzer aandag gegee.[79] Carletonville is as die snelgroeiendste dorp in Suid-Afrika bestempel.[80] Die bevolkingstal van die gebied het in hierdie stadium al sowat 16 000 blankes en 39 772 swart mense getel.[81]

Die voorkoms van die grondverskuiwings in die Carletonville-gebied het egter toenemend in die pers aandag geniet, veral namate barste en skade aan geboue ontdek en bouers onderaardse grotte tydens konstruksiewerk blootgelê het.[82] In 'n bekende gesinstydskrif is 'n artikel gepubliseer onder die veelseggende titel ***Transvaalse dorp trek windskeef,*** 'n artikel wat ongetwyfeld negatiewe aandag op die jong myndorp gevestig het.[83] Alle pogings van die Raad om positiewe publisiteit deur te voer,[84] het egter nie die sogenaamde ***onsigbare reus*** verhoed om wel aan die Carletonville-omgewing te ***knaag*** nie.[85]

In die wintersnag van 3 Augustus 1964 is die Carletonville-gemeenskap deur 'n ramp getref toe die Oosthuizen-gesin van vyf, sowel as hulle huishulp, lewend in 'n reuse-sinkgat met huis en al in die Westdene-woongebied van die Blyvooruitzicht-goudmyn begrawe is. Binne 24 uur het Carletonville as nuuswaardigheid 'n prominente plek op die nasionale en

---

[76] P. de Klerk, "Dorp wat wegsak se stadsraad ontken feite – dis nie so erg", ***Die Stem,*** 27.8.1961, p.1.
[77] Kyk ***Hoofstuk Vier,*** pp.168-182 vir meer inligting oor die Western Deep Levels-goudmyn.
[78] TAB, MCV, Band 17, lêer 22/1/2(T), Carletonville uitbreiding no. 9: brief, Mining Rights and Estates Department/Acting Town Clerk, 10.5.1961.
[79] SAB, RNH, Band 225, lêer 15/11/8(3), Carletonville-dorp: brief, Stadsraad Carletonville/Raad vir die ONtwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 18.4.1962.
[80] ***The Star,*** 13.9.1961, p.2.
[81] Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 13, ***Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie 1960 – 1 Desmber 1960,*** pp.6-7 en Unie van Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, verslag no. 02.02.01, ***Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960,*** 1960, pp.188, 206.
[82] ***Die Vaderland,*** 13.12.1962, p.1; ***Dagbreek en Sondagnuus,*** 20.5.1962, p.1 asook 16.12.1962, p.2; ***The Star***, 10.4.1963, p.2 en ***Die Transvaler***, 11.4.1963, p1.
[83] K. Steytler, "Transvaalse dorp trek windskeef", ***Die Huisgenoot***, 22.2.1963, pp.8-13.
[84] ***The Star,*** 23.1.1963, p.1 asook 10.4.1963, p.2.
[85] ***Die Transvaler***, 24.5.1963, p.2. Kyk ook ***Dabreek en Sondagnuus,*** 20.5.1962, p.1; ***The Star,*** 23.1.1963, p.1 en ***Sunday Express,*** 3.2.1963, p.20.

**Sloping van huise naby Dolomietrylaan, 1965**



Bron: T.M. Toxopeüs

internasionale nuusagenda verwerf.[86] Meer as ooit tevore was die vooruitsigte verdere ontwikkeling plaaslik duister. Die Stadsraad moes onmiddellik alle dorpsontwikkeling bevries.[87] Dit het op alle sektore ter plaatse ŉ uitwerking gehad.[88] Carletonville het ook ŉ ruim getal voornemende dorpsbewoners ten gunste van Fochville, ŉ dorp suid-oos daarvan geleë, verloor.[89]

Gedurende 1965 is die sloping en ontruiming van ŉ aantal huise in Carletonville deur die Stadsraad en omliggende goudmyne onderneem. Vir Carletonville is bevind dat die waarde van die gesloopte en ontruimde huise sowat 3% van die totale beleggings op die dorp is. Dorpsuitbreiding no. Vyf en no. Agt is veral hierdeur geraak.[90]

Die Regering, by monde van J.F.W. Haak as minister van Mynwese en Beplanning, het die gemeenskap voortdurend verseker dat alles gedoen word om die ontruiming van die gebied se dorpe te voorkom. Om uiting hieraan te gee het die Regering in 1964 al die stigting van ŉ watervereniging, wat onder meer alle eise om skadevergoeding moes hanteer, aanbeveel en ŉ tegniese komitee aangestel om navorsing in verband met versakkings en sinkgate te koördineer.[91] Op hulle beurt het die stadsvaders van Carletonville onderneem om die dorp te verfraai en plekke wat gesloop is, tot parke om te skep of andersins net in stand te hou. Sinkgate is ook opgevul.[92] So byvoorbeeld is die versakkende Twyfelvlaktevallei tot die oorspronklike grondhoogte opgevul. ‘n Eie opppervlaktedreineringskema is ook geloods.[93] In samewerking met die Tegniese Komitee het die Stadsraad ook ŉ plaaslike adviesburo in die

---

[86] ***Carletonville Herald,*** 5.8.1964, p.1 asook 21.8.1964, p.1; ***Die Vaderland,*** 8.8.1964, pp.1-2 en 21.8.1964, p.1. In ***Hoofstuk Vier,*** pp.127-128 word dié voorval, vir sover uit die Blyvooruitzict-goudmyn geraak het, bespreek.

[87] SAB, RNH, band 224, lêer 15/11/8(2), Carletonville-dorp: memorandum in verband met sinkgate en insinking in dolomitise gebied, 17.11.1964.

[88] ***Carletonville Herald,*** 13.11.1964, p.3 en SAB, RNH, Band 224, lêer 15/11/8(2), Carletonville-dorp: memorandum in verband met sinkgate en insinkings in dolomitise gebied, 17.11.1964. Kyk ook ***Hoofstuk Vyf,*** pp.204-205, 218-222.

[89] Carletonville Herald, 10.6.1966, p.5.

[90] ***Carletonville Herald***, 8.1.1965, p.1 en TAB, MCV, Band 43, lêer 70/2/1(1), Beplanning en ontwikkeling: vergadering, Bestuurskomitee, 4.1.1966.

[91] TAB, MCV, Band 43, leer 70/2/1(1), Beplanning en ontwikkeling: vergadering, Bestuurkomitee, 4.1.1966. In ***Hoofstuk Drie,*** pp.57, 84-90, ***Vier,*** p.196 en ***Vyf***, p.220 is die Waterverenigings en Tegniese kKomitee se aktiwiteite breedvoerig toegelig.

[92] TAB, MCV, band 5, leer 2/2/2(2), Inhuldigingsplegtighede: verslag van die burgermeester vir die jaar gëeindig 9.3.1965, p.10 en TAB, MCV, Band 43, leer 70/2/1(1), Beplanning en ontwikkeling: vergadering Bestuurkomittee, 4.1.1966.

[93] ***Carletonville Herrald,*** 10.6.1966, p.5; ***Herlad vir die Goue Weste,*** 26.11.1965, p.1 asook 26.8.1966, p.1.

lewe geroep wat inligting aangaande grondverskuiwings in die Carletonville-gebied op ’n geordende wyse aan die publiek bekend kon maak.[94]

Verder het die Stadsraad gedurende die krisisjare deurlopend gepoog om ’n positiewe beeld van die gebied via persberigte deur te gee.[95] In 1966 het dorpsbewoners ’n vereniging vir eiendomsbesitters gestig om  onder meer vir ’n hoer grondwaardasie van eiendom, wat as gevolg van die voorkoms van sinkgate verlaag het, by die Regering te beding.[96]

Die grondverskuiwings was egter ’n belemmerde faktor ten opsigte van die verkryging van ‘n gunstige beeld vir die Carletonville-gebied. Na bewering was die sinkgate onder meer vir sowat 34 mense se dood, vir 900 families se verhuising en ‘n gedeeltelike verlies vir Carletonville van sowat R14 035 700 verantwoordelik.[97] Die opkoop van versakte grond deur die Verre Wesrandse Dolomitiese Waterraad sou uiteindelik daartoe lei dat die Dolomitiese Waterraad teen 1978 die vernaamste grondbesitter in die gebied was.[98]

Die nadelige gevolge wat die verskynsel van grondbeweging op die toekomstige ontwikkeling van veral Carletonville kon inhou, was teen 1976 vir die Stadsraad van die dorp ’n groot bron van kommer.[99] Gedurende hierdie jaar het die ontwikkeling van Carletonville teen ’n slakkegang plaasgevind. So byvoorbeeld is maar sowat 94 bouplanne in 1967-68, teenoor 1960-66 se gemiddeld van 336 per jaar, deur die Raad goedgekeur.[100] Consolidated Gold Fields het in hierdie stadium verder sout in die wonde van Carletonville se trae dorpsontwikkeling gevryf toe dié Groep aangedui het dat die werknemers van sy nuwe

---

94 Herald vir die Goue Weste, 26.8.1966, p.1.
95 TBP, MCV, leer 71/2, Persverslae, 18.5.1963 – 31.1.1967; ***Carletonville Herald,*** 8.1.1965, p.1 en ***Herald vir die Goue Weste,*** 26.8.1966, p.1.
96 Herald vir die Goue Weste, 25.2.1966, p.1.
97 ***The Star***, 29.1.1966, pp.1-2.
98 P.R. Janisch, “Goldmining into strategy for the future, the 21ste century”, (symposium of the West Wits Regional Planning Committee
99 TBP, MCV, lêer 22/1(b): Dorpe: memorandum in verband met die verskynsel van sinkgate en grondbeweging dolomitise gebiede en die uitwerking wat dit op die toekomstige ontwikkeling van Carletonville inhou, 17.4.1967, p.1.
100 TAB, MCV, Bande 5 en 8, lêers 2/2/2 asook 2(2/2/2) en 6/3/6(d), Bouplanne: planne 1960-1968 en ***Carletonville Weekly Record,*** 29.4.1977, p.3.

**Die munisipale kantore van Carletonville teen 1968**



Bron: Antonica Foto's

**‘n Steeds yl bewoonde Bank-dorpsgebied…28 jaar na proklamasie**




Bron: Dr. J.F. Wolmarans

**Die sloping van 'n gedeelte van Bank-dorp teen omstreeks 1970**



Bron: Dr. J.F. Wolmarans

**'n Huis naby Bank-stasie wat deur grondverskuiwings beskadig is, 1970**



Bron: Dr. J.F. Wolmarans

skepping, die Oos-Driefontein-goudmyn, nie in Carletonville gevestig gaan word nie[101] Vir die Stadsraad was dit onaanvaarbaar dat Gold Fields, wat direk by die totstandkoming van Carletonville en sy dorpsuitbreidings betrokke was, vertroue in hulle eie skepping verloor het.[102]

Gold Fields het geen noemenswaardige reaksie op die aanklag van die Stadsraad getoon nie. Vervolgens het die Stadsraad die Transvaalse Provinsiale Administrasie, die Regering en die mynowerhede om hulle hulp en samewerking gevra met die doel om die toekoms van die Carletonville-gebied te verseker. As uitvloeisel hiervan is die oprigting van ŉ aantal skole, publieke kantore, poskantore sowel as ŉ polisiestasie vir die Carletonville-Oberholzer-kompleks in die vooruitsig gestel.[103] Hierdeur is gehoop om die publiek se vertroue in die gebied te herstel.

Aan die einde van die dekade het grondverskuiwings in Carletonville grotendeels gestabiliseer. Dit het egter nie vir die dorpsgebiede op die plaas Bank, naamlik West Wits, Blybank, maar veral vir Bank-dorp, gegeld nie. Die yl bewoonde Bank-dorp se sowat 121 bewoners is tot 31 Januarie 1970 kans gegee om te trek. Sommige van hulle was baie ontevrede, en hulle was van mening dat die sinkgat verskynsel hier oordryf is.[104] ŉ Petisie is vervolgens is Februarie aan die Eerste Minister oorhandig.[105] Hiervan het egter niks gekom nie, en die bewoners van Bank moes maar eenvoudig hul wonings ontruim.[106] Buiten die feit dat dit vir sommige bewoners ŉ uiters emosionele en traumatiese aangeleentheid was, het die verloop van gebeure die gebied se ekonomiese aktiwiteite wel geaffekteer,[107] enersyds omdat vername sakelui en van die bewoners die toekoms van die gebied bevraagteken het,

---

[101] ***Die Beeld,*** 9.6.1968, p.18 en ***Herald vir die Goue Weste,*** 28.8.1970, p.1. Kyk ook ***Hoofstuk Vier,*** pp.158.159.
[102] TBP, MCV, leer 22/1/(b)(2), Dorpe: memorandum in verband met die verskynsel van sinkgate en grondbewegings in dolomitise gebied en die uitwerking wat dit op die toekomstige ontwikkeling van Carletonville inhou, 17.4.1967.
[103] TBP, MCV, leer 22/1/(b)(2), Dorpe: memorandum in verband met die verskynsel van sinkgate en grondbewegings in dolomitise gebied en die uitwerking wat dit op die toekomstige ontwikkeling van Carletonville inhou, 17.4.1967, pp.13, 46. Die voorgestelde ontwikkelin het eers in die dekade sewentig gerealiseer. Kyk ***Hoofstuk Sewe***, pp.318-319, 323-324.
[104] ***Carletonville Herald***, 30.1.1970, p.1 en ***The Star***, 24.3.1970, p.5. Teen 1970 was dit hoofsaaklik nog net Bank-dorp wat ontwikkeling in die Bank-gebied getoon het. Dus was die versoek om wonings te ontruim hoofsaaklik net op hulle van toepassing.
[105] ***The Star,*** 4.2.1970, p.3.
[106] ***Die Transvaler,*** 296.4.1970, p.1 en Republiek van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24.5.1973, kolom, 7633.
[107] ***Carletonville Herald,*** 30.1.1970, p.1; ***The Star***, 8.1.1970, p.2 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3 onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989. Kyk ook ***Hoofstuk Vyf,*** pp.218-223 en ***Sewe***, pp.307-308.

en andersyds omdat van Bank se handelaars hulle nie weer elders in die omgewing gevestig het nie, maar ŉ ander heenkome gesoek het.

## *2.4 ŉ TYDPERK VAN HERSTEL*

Gedurende die sewentigerjare het die gaandeweg vir die mense in die Carletonvillese munisipale gebied voorspoediger verloop as in die vorige dekade. Geoloë se wetenskaplike navorsing rakende die sinkgatverskynsel met die oog op voorkoming, sowel as die goudmyne se ongestoorde gang,[108] was ongetwyfeld stimuli vir die bewoners se herstelde vertroue in die gebied. Dorpsontwikkelaars se aktiwiteite op dolomietgordels waar sinkgate vroeër voorgekom het, is nietemin aan streng vereistes onderwerp. ‘n Afdeling genaamd Geologiese vereistes het onder meer ingesluit: streng voorsorgmaatreëls in verband met waterverspreiding, riolering, stormwaterafleiding, die ontrekking van ondergrondse water en die oprigting van geboue.[109]

Die sowat 4760 erwe in die Carletonville-dorpsgebied wat nog teen 1972, as gevolg van die effek van grondverskuiwing, laer waardasies as byvoorbeeld dié van die Witwatersrand gehad het,[110] is mettertyd vanweë die verbeterde toedrag verhoog.[111] Groot bouprojekte is ook geloods wat gedurende die sewentigerjare voltooi is, onder meer ŉ burgersentrum en ŉ hospitaal.[112] Die Bank-woongebied het egter nie soos die Carletonville-Oberholzer-kompleks ekonomies herstel nie. Vir dié wat vroeër daar gewoon het, was die dorp nou net ŉ herinnering. Die tekens van onderaardse woelinge hier het ook nog nie gestabiliseer soos elders in die omgewing nie.[113] Die dorp is kort voor die dekade tagtig gedeproklameer.[114] Vooruitsigte vir dorpsontwikkeling op Welverdiend was ook nie rooskleurig nie. Die skuld is voor die deur van die dorpsontwikkelaars gelê, wat glo te min gedoen het om mense na

---

[108] Kyk ***Hoofstuk Vier,*** pp.191, 195-196.
[109] TBP, MCV, Leer 93/6/5(3), Raad, jaarverslae: jaarverslag van die burgermeester, 1974/5; ***Die Vaderland,*** 2.6.1973, p.2 en TBP, MCV lêer 22/1(b)(2), Dorpe: notule van die Stadsraad, 14.11.1972.
[110] ***Die Vaderland,*** 2.6.1973, p.2 en TBP, MCV, lêer 22/1(b)(2), Dorpe: notule van die Stadsraad, 14.11.1972.
[111] TBP, MCV, leer 22/1(2), Dorpe: brief, Waarnemende Stadsklerk Carletonville/Direkteur van Plaaslike Bestuur, 23.9.1974; ***Carletonville Weekly Record***, 28.3.1975 asook 26.9.1975, p.2.
[112] TBP, MCV, leer 93/6/5(3), Raad jaarverslae: jaarsverslae van die burgermeester, 1975/1976 asook 1976/77 en 1977/78; ***Herald vir die Goue Weste,*** 10.12.1971, p.1 asook 4.2.1972, p.1 en ***Carletonville Herald,*** 18.2.1977, p.1. Kyk ook ***Hoofstuk Sewe,*** pp.316-317, 232-324.
[113] P. Roos, “Bank lewe, al is hy dood”, ***Die Vaderland,*** 6.3.1973, p.11 en Republiek van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad,*** 15.5.1972, kolom 7278.
[114] TBP, MCV, leer 22/1/2(b), Bank; brief, Stadsklerk Carletonville/TPA, 19.3.1979.

Welverdiend te lok.[115] Teen die einde van 1975 het dit tog gelyk asof die vooruitsigte vir Welverdiend beter was nadat dit bekend geword het dat nog twee goudmyne, naamlik Elandsrand en Deelkraal, in die gebied gaan open.[116]

Carletonville het ook hierby gebaat, aangesien die Stadsraad se versoek van 1969 om grensuitbreiding na die Elandsrand-gebied[117] wel teen 1975 gunstig oorweeg is.[118] Die Fochvillese Stadsraad was erg ontevrede hieroor, omdat die voornemens van Carletonville om suidwaarts in die rigting van Fochville uit te brei, oor die grense van die landdrosdistrik Potchefstroom, waarvan dié dorp deel is, heen sou strek. Die Stadsraad van Fochville het gemeen dat dié uitbreiding war in die proses die inlywing van Western Deep Levels en Elandsrand sou insluit, hom toekom. [119] Carletonville se versoek is egter met die steun van dié goudmynmaatskappye goedgekeur.[120] Hierdie verwikkelinge het getoon dat 'n myndorp soos Carletonville noodwendig meer steun as 'n privaatdorp soos Fochville van die kant van die goudmynmaatskappye sou ontvang. Nog belangriker is dat die sakesektor van Carletonville-Oberholzer in hierdie stadium, te oordeel aan die getal dorpsuitbreidings en sakeondernemings, veel verder ontwikkeld as dié van Fochville was en dit in die vermelde besluitnemingsproses tot sy voordeel moes gestrek het.

Die vermelde opening van nog goudmyne het nuwe dorpsontwikkeling in Carletonville gestimuleer. Gedurende 1975 is 'n tweede dorpsuitbreiding vir Oberholzer[121] en nog vier uitbreidings vir Carletonville in die vooruitsig gestel.[122] Carletonville is ook in dié stadium as

---

[115] ***Carletonville Weekly Record,*** 2.5.1975, p.1 asook 26.9.1975, p.9.
[116] ***Carletonville Weekly Record,*** 28.3.1975, p.1 asook 6.6.1975, p.1; 27.2.1976, p.1; 29.4.1977, p.2 en ***Carletonville Herald***, 3.10.1975, p.1. Kyk ***Hoofstuk Vier,*** pp.162, 182 vir 'n bespereking van dié myne, Elandsrand en Deelkraal.
[117] TAB, MCV, leer 89/1/2(2), Regsgebied:verbatimverslag, verrigtinge van die Kommissie van Ondersoek m.b.t. die Stadsraad Carletonville se versoek tot inlywing van 'n gedeelte van die plaas Elandsfontein en Oog van Elandsfontein by due nunisipale gebied, 16.6.1966.
[118] Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: nodules, vergadering van die Bestuurskomitee, 20.8.1974 asook 21.1.1975 en 29.1.1975.
[119] TBP, MCV, leer 89/1/2(2), Regsgebied: brief, Secretary Rand Water Board/Town Clerk, 18.8.1971 asook 25.2.1972.
[120] TBP, MCV, leer 89/1/2(2), Regsgebied: brief, R.A. Plumbridge/Town Clerk fochville, 30.1.1975 en ***Carletonville Weekly Record,*** 20.2.1976, p.1. Die Elandsrand-gebied is in 1980 by die munisipale gebied van Careltonville ingelyf. Kyk TBP, MCV, leer 93/6/5(3), Raad, jaarverslae: jaarverslag van die burgermeester, 1980/81, p.3.
[121] ***Carletonville Weekly Record,*** 11.4.1975, p.4 asook 12.12.1975, p.3.
[122] TBP, MCV, lêer 93/6/5(3), Raad, jaarverslae: jaaarverslag van die burgermeester, 1974/1975, Uitbreidings no. 10 tot no.13 is hier ter sprake.

een van die 19 grootste dorpe in die land beskou.[123] In 1976 het die Carletonville-munisipaliteit vir die eerste keer in sy bestaan bouplanne van meer as sewe miljoen rand goedgekeur,[124] wat ʼn aanduiding is dat Carletonville as ʼn gunstige gebied vir beleggers beskou is. In die pers is selfs bespiegel dat Carletonville in die toekoms moontlik ʼn stad kan word.[125]

Die ontwikkeling van Carletonville tot stad was egter net ʼn hersenskim wat deels deur die toedoen van die Regering se Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO) wat in 1975 verskyn het,[126] vervaag het. Volgens die NFO-plan is Carletonville as deel van die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek (PWV)-ontwikkelingsgebied beskou.[127] Voorheen is dit as deel van die Wes-Transvaal-Streek gesien.[128]

Die klassifikasie van Carletonville as grensgebied van die PWV en aangrensend aan die Wes-Transvaal-Streek was dus telkens ʼn probleem, en moontlik die rede waarom ʼn pertinente bemoeienis met die gebied se unieke behoeftes binne die flonkering van die snel groeiende PWV-gebied verdof het. In die verre verlede egter, voor die goudmynbedryf, was die ligging van die huidige Carletonville-gebied tussen vername dorpe juis dié vernaamste rede waarom ontwikkeling hier plaasgevind het.

Teen die dekade sewentig het dit voorgekom asof die gebied se ligging in die pad van verdure industriële ontwikkeling gestaan en eerder ʼn las geword het. Die ontwikkelde en uitgebreide kommunikasienetwerk in die rigting van die Witwatersrand-gebied het Carletonville so “naby” aan dié geweste se ekonomiese aktiwiteite gebring dat die groei van ekonomiese sektore plaaslik, en tegelykertyd ook dorpsontwikkeling, as gevolg hiervan vertraag is.[129]

---

[123] ***Carletonville Weekly Record,*** 4.4.1975, p.6 asook 26.9.1975, p.1.
[124] TBP, MCV, lêer 93/6/5(3), Raad, jaarverslae: jaaarverslag van die burgermeester, 1975/1976 en ***Carletonville Weekly Record,*** 27.10.1976, p.1.
[125] Carletonville Weekly Record, 29.4.1977, p.3.
[126] J.C. Schutte (red.), Wesrand Streekdiensteraad, beplanningsondersoek, pp.381-382.
[127] TAB, MCV, Band 80, lêer 93/1/27(1), Streeksontwikkeling vir Wes-Transvaal en aangresnende gebiede; notule van die Stadsraad, 27.2.1974, bylae F.
[128] TAB, MCV, lêer 93/1/27(2), Streeksontwikkeling vir Wes-Transvaal en aangresnende gebiede: brosjure, terugblik oor tien jaar, 1964-1974, 31.10.1974.
[129] Kyk ***Hoofstuk Vyf,*** pp.203-204.

Die trae vordering ten opsigte van nywerheidsontwikkeling het kennelik nie die bevolkingsgroei van Carletonville gestuit nie. Met 'n steeds stygende inwonerstal van 104452 in totaal,[130] is dit nie vreemd dat in 1980 daarop aanspraak gemaak is dat Carletonville die hoogste inwonertal in die land gehad het nie.[131] Dit is ook nie vreemd dat die mynowerhede in die Carletonville-gebied kort hierna weer versoek het dat ekonomiese alternatiewe vir die plaaslike goudmynbedryf vroegtydig gevind moet word, sodat die hoë bevolkingstal versorg sal wees as die myne nie meer daar is nie.[132]

Die Regering het ook aan die Verre Wesrand aandag gegee. . Sy Afdeling Fisiese Beplanning se konsep vir die ontwikkelingstrategie van die PWV-gebied het die gebied se bestaande steun op myne as 'n hindernis in die weg van dorpsontwikkeling beskou.[133] Soos die NFO-plan van 1975 het die sogenaamde Goeie Hoop-streeksontwikkelingsplan van 1981 die insluiting van die West-Wits-gebied by die PWV-kompleks bevestig.[134] Die uitgangspunt was egter steeds om nywerhede aan te moedig waar groot konsentrasies swart mense is. West-Wits is nie as 'n permanente gebied hiervoor gereken nie, aangesien die goudmynbedryf se bestaan hier as tydelik beskou is.[135]

Om die bovermelde probleem van die Carletonville-gebied te behandel, is die West-Wits-Streeksbeplannigskomitee vanuit plaaslike geledere in 1982 geïnisieer. Die plaaslike goudmyne, wat al sedert die jare sewentig begerig was om die posisie van die sekondêre sektor in die gebied te verstewig,[136] het hierin 'n leidende rol gespeel.[137]

---

[130] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-80-21, Bevolkingsensus, ***Uitgesoekte staitistiese streek Wes-Rand, 1980,*** 1980, pp.225-256, 272-273.
[131] Carletonville Herald, 3.10.1980, p.1.
[132] J.R. Rosmarin, "A strategy for industrial development", (symposium of the West Wits Regional Planning Committee: strategy for the future, September 1982), p.18. Kyk ook ***Hoofstuk Vyf***, pp.206, 208.
[133] TBP, MCV, lêer 69/7/2, Beplanning van die PWV-gebied: tak fisiese beplanning en ruimtelike ontwikkelingstrategie vir die PWV-kompleks, 1981, pp.3, 5, 45. Hierin vervat is ook die voorstelle van die Beplanningsadviesraad van die Eerste Minister in 1979 rakende langtermynvoorstelle van ontwikkelingsalternatiewe vir die PWV-gebied.
[134] D.E. Watchman en P.T.C. du Plessis [minister van Mineraal-en Energiesake], "Verwelkoming en openingsrede", (symposium of the West Wits Regional Planning Committee: strategy for the future, September 1982), p.5.
[135] P.R. Janisch, "Goldmining into strategy for the future, the 21ste century", (symposium of the West Wits Regional Planning Committee: strategy for the future, September 1982), pp.9, 11, 12, 18.
[136] Chamber of Mines, West Wits Line project: planning for the future, pp.1-2.
[137] F.J. Potgieter, "The development potential of the West Wits Line", (symposium of the West Wits Regional Planning Committee: strategy for the future, Spetember 1982), pp.10-11.

Tegelykertyd met die verwikkelinge rondom die soeke na ekonomiese alternatiewe vir die munisipale gebied van Carletonville, was die stadsvaders van Carletonville onder meer met die ontwikkeling en instandhouding van drie ekonomiese behuisingskemas in sommige van die gebied se dorpsuitbreidings gemoeid. Hiervan is die skepping en ontwikkeling van die Piet van Vuuren-Park en Eureka-Park as tuiste-oorde vir bejaardes sekerlik die vernaamste.[138]

Gedurende 1980/81 het die Stadsraad bouplanne ter waarde van ongeveer 14 miljoen rand vir die gebied goedgekeur.[139] Teen 1984 het hierdie bedrag ten opsigte van die bouplanne wat goedgekeur is, verdubbel, wat 'n aanduiding is dat ontwikkeling steeds in die gebied voorgekom het.[140] Na drie jaar van beplanning is Dorpsuitbreiding no. Ses vir industriële doeleindes,[141] en Dorpsuitbreiding no. 15 en no. 16 in 1987 geproklameer.[142]

Buiten die bovermelde dorpsuitbreiding het die res van die munisipale woongebied in 1987 gesamentlik oor 784 woonsteleenhede en 4952 wonings vir blankes beskik.[143] In hierdie stadium is 'n Streeksdiensteraad ook vir die Wesrand aangewys. Dié Raad se wyd uiteenlopende pligte onder meer finansiële hulp insake die instandhouding van die Carletonville-gebied se infrastruktuur ingesluit.[144]

Teen 1988 was die voorkoms van sinkgate in die omgewing van Carletonville nie geheel en al iets van die verlede nie. Die Dolomitiese Waterraad was steeds met die opvul van enkele sinkgate en boorwerk in dié verband besig. Die spore wat dié verskynsel in sommige van die dorpsuitbreidings gelaat het, het ook nog soos seerplekke opgeval. Sowat 1464 onbruikbare erwe was toe al in besit van die Dolomitiese Raad, waarvan die meeste in die eertydse Bankwoongebied en Carletonville Dorpsuitbreiding no. Agt voorgekom het.[145] Dit het egter

---

138 TBP, MCV, lêer 93/6/5(3), Raad, jaarverslae: jaarverslag van die burgermeester, 1980/81, p.1.
139 TBP, MCV, lêer 93/6/5(3), Raad, jaarverslae: jaarverslag van die burgermeester, 1980/81, p.2.
140 ***Carletonville Herald***, 2.11.1984, pp.14-15. Kyk ook ***Hoofstukke Vyf***, p.231 en ***Sewe,*** pp.325-327.
141 Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 2/8/2, Organisasie en beheer Streekdiensterade, indeling van streek en die afbakening van gebiede: memorandum in sake die afbakening van sentrale en nywerheidsgebiede, 1987.
142 Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R. van der Merwe, 3.3.1989 en ***Carletonville Herald,*** 6.11.1987, p.2.
143 J.C. Schutte (rd.), Wesrandse Streekdiensteraad, beplanningsondersoek, p.131.
144 ***Carletonville Herald***, 27.3.1987, pp.5-6.
145 Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 15/19/2, Stadsbeplanning en ontwikkeling, beheer, grondformasie, verswakkings, minutes, Local Ground Movement Co-ordinating Committee, 5.9.1988

geensins meer ‘n belemmerde uitwerking op die gebied se algehele ontwikkeling gehad nie. Die munisipale gebied van Carletonville het teen Desember 1988 sowat 40 000 hektaar beslaan, met ŉ bevolking van meer as 35 000 blankes.[146]

## 2.5 DORPSONTWIKKELING EN HUISVESTING VAN SWART MENSE, INDIëRS EN KLEURLINGE SEDERT 1948

### 2.5.1 Swart mense

Die teenwoordigheid van swart mense in die munisipale gebied van Carletonville, ten tyde van die vestiging van die eerste goudmyne gedurende die dekades dertig en veertig, was maar gering.[147] Waar daar byvoorbeeld in 1946 nog maar slegs 678 swart mense in die gebied voorgekom het, het dié getal teen 1951 met rasse skrede tot 10 551 toegeneem.[148] As gevolg van hierdie toeloop het ŉ behuisingsnood onder swart mense in die omgewing ontstaan. Die gevolg was ŉ grootskaalse plakkery wat teen 1952 geensins meer ŉ vreemde verskynsel in die omgewing was nie, en dit het blykbaar ook baie las veroorsaak.[149]

Byna twee dekades voor dié vermelde woningnood het die Regering se Departement van Naturellesake reeds oor die beplanning van ‘n streekwoonbuurt vir swart mense in die omgewing besin. Grond is in 1936 op die plaas Stinkhoutboom no. 101 IQ aangekoop, wat ongeveer 10 000 swart inwoners sou kon huisves.[150] Die ontwikkelingsmoontlikhede

---

en Chamber of Mines, “Far West Rand Dolomitic Water Association, annual report, 1988”, p.20, Bylae C.

[146] Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer 10/1/2(2), Reklame, inligting en raadsembleme, brosjures en nuusbriewe: vraelys, Suid-Afrikaanse Munisipale Jaarboek, 11.1.1989.

[147] E.S. van Eeden, ***Die geskiedenis van die Gatsrand…,*** pp.47-51 en Carletonville (Munisipaliteit), GBG, lêer T6/B(2), Town and regional planning: Local Area Committee, 1952, p.31.

[148] Unie van Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, verslag no. 02-02-01, Stedelike en Plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960, 1960, p.206 en PU vir CHO, Voorgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2…, verslag no. 3, 1956/57, p.53. Die getal swart mense in gebied, volgens laasgenoemde verslag, is in 1951 op 25 000 geskat, van wie ongeveer 16 000 op die myne, 3000 op die plase en 6000 vir die handel- en nywerheidsektor gewerk het.

[149] TAB, NTS, Band 6611, lêer 742/313T(2), Carletonville ext. no. 3 township: brief, Secretary for Native Affairs/Chief Native Commissioner Potchefstroom, 22.10.1952 en Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer N79/10/149NAF, West Wits Local Area Committee, huisvesting van Naturelle op privaateiendom: brief, Mediese Gesondheidsbeampte Gesondheidsraad/Sekretaris Gesondheidsraad, 1.6.1956.

[150] SAB, NTS, Band 3874, ê57/309, Township Welverdiend: reservation of land, 27.11.1936.

daarvan is eers in 1952 weer onder oë geneem nadat ‘n behoefte aan woongebied dringende aandag vereis het.[151]

Die Gesondheidsraad het hom sedertdien daarvoor beywer om ’n groter gedeelte van Stinkhoutboom vir die ontwikkeling van ’n swart woonbuurt te bekom. Die verkryging van ’n verdere 504 morg (433 ha) is in die vooruitsig gestel, wat uiteindelik At ongeveer 3600 woonpersele sou kon bestaan en naastenby 7000 gesinne (sowat 35 000 inwoners) sou kon akkommodeer.[152] Om onverklaarbare redes het verdere besluitneming in dié verband langsaam verloop, en ondertussen het die Plaaslike Gebiedskomitee sy hande vol gehad om plaaseienaars, wat swart mense toegelaat het om onwettig op hul plase teen vergoeding te plak, te eien.[153]

In 1975 het die ontwikkeling van ’n swart woonbuurt aangrensend aan die Carletonville-gebied, genoem Khutsong, daadwerklik momentum gekry.[154] Die uitleg het voorsiening vir die oprigting van wonings volgens ’n etniese verdeling gemaak. Die uiteinde hiervan was dat 58% van die wonings aan die Sotho’s en 41.3% aan die Nguni’s toegewys is.[155] Na die amptelike proklamering van Khutsong as dorp in 1958 het die Gesondheidsraad hom daarvoor beywer om infrastrukturele dienste so gou doenlik in die dorp te vestig.[156] Na Carletonville se verkryging van munisipale status in 1959 het die Stadsraad van dié munisipale gebied daartoe bygedra om dienste in Khutsong te vestig, ten spyte daarvan dat die dorp nie binne die munisipale grense van Carletonville val nie.[157]

Wat behuising betref, was daar in 1960 reeds 300 permanente huise en 500 enkelstrukture in Khutsong opgerig. Hiertoe was die Stadsraad se finansiële bydrae in dié stadium reeds

---

[151] SAB, RONH, Band 224, lêer NH 15/11/8(1), Carletonville-dorp: brief, J.E. Hommes/Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 24.5.1952.
[152] SAB, RONH, Band 273, leer B/B/2, Beplanningshulpkomitee Beheerde Gebied no. 2 Carletonville-uitbreiding, 1952-1957: proposed location sites for the area of jurisdiction of the West Witwatersrand Local Area Committee of the Peri-Urban Areas Health Board, 28-29.7.1952.
[153] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: report regarding the history of the native housing problem in West Witwatersrand Local Area Committee area, 13.10.1955.
[154] Carletonville (munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 20.6.1957.
[155] Carletonville (munisipaliteit), LAC, lêer L/1/29/20(2), Native location: report, 21.3.1958, p.19.
[156] Carletonville (munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 11.2.1958
[157] TAB, NTS, Band 6162, lêer 742/313N, Carletonville stigting en oorname van Khutsong Bantoewoonbuurt: brief, Stadsklerk Carletonville/Sekretaris Bantoe-administrasie en – ontwikkeling, 5.8.1959.

sowat 102 300 pond.[158] Die Raad verder gehelp deur die stigting van die Bantoe-Advieskomitee vir Khutsong. Die doel van hierdie Komitee was om die Stadsraad in verband met alle aangeleenthede rakende dié swart dorp by te staan.[159] ‘n Paar sakegeboue is ook in die woonbuurt opgerig en tot beskikking van swart handelaars gestel.[160]

Ongeag van Khutsong se bestaan, het heelwat swart mense steeds teen 1961 in die Carletonville-gebied geplak.[161] Onder die plakkerskampe het getel dié op Wonderfontein, naamlik die Muiskraal-, Kennedy-, Tsansabane- en Sitting Pola-kamp en dié op Rooipoort, genaamd Tiekieline en Newstands sowel as Wes-Driefontein se kampe Town Hall en Thoma Mafika en Welverdiend se Airfield-plakkerskamp.[162] Om die plakkers te motiveer om na Khutsong te verskuif, het die Stadsraad op die plakkerdorpe begin sloop. Onder sommige van die plakkers het ontevredenheid oor die slopery geheers, en hulle het vergeefse pogings aangewend om vergoeding van die Carletonville-Stadsraad te eis.[163]

Die aanwesigheid van plakkerkampe was gedurende die sewentiger- en die tagtigerjare steeds ‘n probleem. Die gebrek aan genoeg beboude erwe in Khutsong vir die groeiende swart bevolking is as ’n rede vir die probleem voorgehou.[164] Tog het die Stadsraad van Carletonville al in 1979, en in finansiële samewerking met die organisasie Urban Foundation, die Ikhaya-Lethu-selfboubehuisingskema in Khutsong bekend gestel. Die doel hiervan was juis om die bewoners in die nuwe plakkerkampe, Vuilkombers en Spookdorp (aan die westelike sy van Khutsong), van huise te voorsien.[165]

---

[158] TAB, MCV, Band 4, lêer 2/2(1), Plaaslike owerhede Carletonville: verslag van die burgermeester, 1.7.1959 – 1.7.1960.
[159] TBP, BAO, Band 1049, lêer A14/1108(1), Bantu Advisory Board: notule van die Bantoe-Advieskomitee vir Khutsong, 7.6.1966. Kyk ook ***Hoofstuk Sewe***, pp.226-337.
[160] TAB, MCV, Band 4, lêer 2/2(1), Plaaslike owerhede Carletonville: verslag van die burgermeester, 1.7.1959 – 1.7.1960.
[161] Die Potchefstroom Nuus/News, 13.1.1961, p.2.
[162] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer N9/7/149NAD, Komitee Wes Witwatersrand, Naturellesake: vergadering Naturellesake Onderkomitee, 21.3.1958 asook LAC, leer NAD N79/10/149, West Wits Plaaslike Gebiedskomitee, huisvestiging van Naturelle op privaateiendom: brief, Mediese Beampte van die Gesondheidsraad/Sekretaris-tesourier van die Gesondheidsraad, 1.6.1956 en ***Die Potchefstroom Nuus/News***, 13.1.1961, p.2.
[163] ***Die Potchefstroom Nuus/News,*** 3.3.1961, p.3 en TAB, MCV, Band 5, lêer 2/2/2(2), Inhuldigingsplegtighede: verslag van die burgermeester vir die jaar geëindig Maart 1964, p.12.
[164] ***Seipone,*** 10.8.1979, p.1 asook 8.2.1980, p.1; 3.4.1981, p.2 en 21.4.1984, p.1.
[165] ***Seipone,***15.6.1979,p.3. Volgens die berig is die Urban Foundation ‘n organisasie wat in 1976 deur die private sektor gesitg is met die doel om bewoners van swart dorpe in Suid-Afrika te ondersteun.

Volgens berigte van ‘n behuisingstekort gedurende die vroeg dekade tagtig[166] wil dit voorkom asof die Ikhaya-Lethu-skema in hierdie stadium nog nie aan sy doel beantwoord het nie. Die voorkoms van sinkgate naby Khutsong gedurende 1980, en die vrees wat die gewek het,[167] was moontlik ‘n faktor wat tot die trae verskuiwing van die plakkers na die swart woonbuurt aanleiding gegee het.

Ten spyte van grondverskuiwings naby Khutsong is dié dorp nie ontruim nie maar is bykomende grond vir addisionele behuising wel oorweeg.[168] Ondersoeke wat op grond wes van Khutsong uitgevoer is, het egter nie positiewe resultate vir verdure woonuitbreiding in hierdie rigting opgelewer nie.[169] Vervolgens is ander ruimtes in oorleg met die Wes-Transvaalse Bantoesake-Administrasie vir die oprigting van wonings gesoek.[170] Byna tegelykertyd hiermee is die oprigting van ‘n streekdorp op ‘n gedeelte van die plaas Blaauwbank no. 125 IQ ook oorweeg, maar die groot afstand van hier af na die onderskeie dorpe en goudmyne in die gebied het dit ‘n ongewilde keuse gemaak.[171]

Die uitbreiding van Khutsong het eers gedurende 1988 weer momentum gekry, toe die Departement van Ontwikkelingsbeplanning grond aan die suide- en oostekant van die dorp (gedeeltes van die plase Stinkhoutboom en Welverdiend) bekom het.[172] Die Wesrand-Streekdiensteraad het gedurende dié jaar sowat drie miljoen rand beskikbaar gestel om Khutsong se infrastruktuur te verbeter. Dit het paaie en elektrifisering ingesluit.[173] Die ongeveer 22 550 bewoners, volgens die 1985-sensusgegewens,[174] het hierdie nuutste pogings sekerlik verwelkom. Alhoewel die dorp teen 1988 steeds nie deel van die Carletonvillese gebiedsgrense gevorm het nie, was sy bewoners ten nouste met die ekonomiese bedrywighede in Carletonville verbind.

---

166 ***Seipone,*** 8.2.1980, p.1 asook 3.4.1981, p.2.
167 ***Seipone,*** 29.8.1980, p.2.
168 ***Seipone,*** 24.9.1983, p.1 asook 24.3.1984, p.1.
169 ***Seipone,*** 25.9.1983, p.1 asook 15.10.1983, p.1.
170 ***Seipone,*** 24.3.1984, p.1.
171 ***Seipone,*** 17.12.1983, pp.1-2.
172 Potchefstroom Herald, 18.3.1988, p.5.
173 ***Carletonville Herald,*** 18.3.1988, p.1 asook 25.3.1988, p.3.
174 Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-01, ***Bevolkingsensus geografiese verspreiding van die bevolking met ‘n oorsig vir 1960-1985,*** 1985, p.272.

Die grootste samedromming van swart mense in die gebied kom egter nie in Khutsong voor nie, maar wel by die omliggende goudmyne in die Carletonvillese munisipale gebied. Etlike hostelle en ander woonkwartiere is deur goudmynmaatskappye vir hul swart werknemers opgerig. Die mynhostelle huisves gesamentlik ongeveer 128 000 swart mense, terwyl 498 huise in Wedela – 'n skepping van die Elandsrand- en die western Deep Levels-goudmyn – bewoon word.[175] In die lig van hierdie hoë swart bevolking by die goudmyne in die landdrosdistrik Oberholzer, sowel as die aanwesigheid van nog goudmyne net buite sy oostelike grens waar dieselfde tendens heers, is dit nie vreemd dat sowat 67.4% van die totale swart bevolking van die Wesrand-streek teen 1988 hier voorgekom het nie.[176]

### *2.5.2 Indiërs*

Indiërs se verbintenis met die huidige munisipale gebied Carletonville dateer al van ongeveer die twintigerjare van hierdie eeu af. Dit was gerugte dat goud in die gebied ontgin gaan word, wat as die dryfveer vir veral die vestiging van Indiërhandelaars en hul gesinne in die omgewing gedien het. Aangesien 'n groot konsentrasie van blankes op Bank-dorp verag is, het Indiërhandelaars etlike jare lank hoofsaaklik hier sake gedoen.[177]

Die gesondheidsraad se soneplan vir dorpsontwikkeling van 1953[178] het nie 'n bepaalde woongebied vir die sowat 73 Indiërs (vroue en kinders ingesluit)[179] in die vooruitsig gestel nie. Dit was heelwaarskynlik die proklamering van die Wet op Groepsgebiede in 1950 deur die Regering[180] wat die Gesondheidsraad en Plaaslike Gebiedskomitee se besluitneming in verband met die vestiging van die Indiërs in die Carletonville-gebied bepaal het. In 'n verdere ondersoek gedurende 1957 ten opsigte van woongebied vir Indiërs het die Raad en Gebiedskomitee besluit dat enige besetting van persele deur Indiërs in die West-Wits-gebied

---

[175] Carletonville (Munisipaliteit), Kaart, Carletonville Munisipale gebied teen 1988. Volgends die Sentrale Statistiekdiens se 1985-bevolkingsensus was daar in dié jaar sowat 93 274 swart mense in die Oberholzer-distrik woonagtig. Die getal hostelbewoners is egter nie aangediu nie. Kyk Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-85-01, ***Bevolkingsensus geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985,*** 1985, p.272 asook ***Hoofstuk Sewe,*** pp.337-338.

[176] J.C. Schutte (red.), Wesrand Streekdiensteraad, beplanningondersoek, p.131.

[177] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud R.A. Nosarka (Sakeman, Carletonville), 8.2.1989.

[178] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T1/346(1), Carletonville township estension no. 2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 11.9.1953.

[179] Republiek van Suid-Afrika, Buro vir Statistiek, verslag no. 02-02-01, ***Stedelike en plattelandse bevolking van Suid-Afrika, 1904-1960,*** 1960, p.418.

[180] B.J. Liebenberg, "Die Nasionale Party aan bewind, 1948-1961', C.F.J. Muller, ***500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis,*** p.494.

voortaan as indringing beskou sal word. Verder is ook gevoel dat geen spesifieke woongebied in die omgewing vir die Indiërs opsy gesit behoort te word nie, en dat dit geensins onbillik is om van die plaaslike groepie Indiërs te verwag om in Lenasia (ŉ Indiërdorp digby Johannesburg) te gaan woon nie.[181]

Ongeag bovermelde gesindheid van die Plaaslike Gebiedskomitee en van die Raad is die handjievol Indiërs van die Carletonville-gebied nie verwyder nie. Waar hulle almal teen die dekade vyftig en selfs sestig egter gewoon het, is onseker. Baie het wel die geboue waarin hulle handel gedryf het, terselfdertyd bewoon.[182] Gedurende ŉ vergadering van die Gebiedskomitee in 1958 is die onsuksesvolle voorgestelde nywerheidsdorp Pottiesville[183] as Indiërtuiste oorweeg.[184] Te veel besware vanuit die blanke gemeenskap het Pottiesville as potensiële Indiërdorp gedoem.[185]

Geen verdure konstruktiewe voorstelle rakende Indiërvestiging en –behuising is tot 1970, naamlik toe Bank ontruim is,[186] gedoen nie.[187] Na die Indiërs dus Bank verlaat het, is hulle in tente en woonwaens in Azaadville ('n Indiërwoonbuurt naby Krugersdorp) gehuisves tot tyd en wyl alternatiewe verblyf gereël kon word.[188] Die reëlings het traag verloop, en eers in 1983 is 'n aantal woonerwe op veilig verklaarde grond in Blybank[189] vir die sowat 162 Indiërs[190] beskikbaar gestel. Ongeveer 100 wonings is kort hierna opgerig.[191]

Die feit dat die Stadsraad van Carletonville hierdeur getoon het dat hy bereid was om woongebied aan die Indiërs binne sy grense toe te staan, terwyl dit voor die dekade

---

[181] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, ondersoek ingevolge die Wet op Groepsgebiede 1950, Wesrand-Streek, 24.9.1957.
[182] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.
[183] Kyk ***Hoofstuk Vyf***, pp.202-203.
[184] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, 21.11.1958.
[185] TBP, Departement van Bantoe-administrasie en –ontwikkeling (BAO), Band 1187, leer A16/1108(1), Rassestreeksbeplanning: brief, Sekretaris Bantoe-administrasie en –ontwikkeling/Streekskantoor van Gemeenskapsbou, 16.8.1961.
[186] ***The Star***, 8.1.1970, p.3 asook 14.4.1970, p.4; 29.12.1970, p.1 en ***Die Transvaler***, 3.2.1970, p.2.
[187] TBP, MCV, leer 33/3/3(b)(1), Asiate: notule van die vergadering van die Stadsraad, 27.6.1968.
[188] Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, R.A. Nosarka, 8.2.1989.
[189] TBP, MCV, leer 93/6/5(3), Jaarverslae: jaarverslag van die burgermeester, 2.3.1983 en ***Seipone,*** 29.4.1983, p.1 asook 3.6.1983, p.1.
[190] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Satistiekdiens, verslag no. 02-85-01, ***Bevolkingsensus geografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985,*** 1985, pp.420, 450.
[191] Anon., "Carletonville, from doubt to confidence", ***Instituut van Munisipale Ingenieurs van Suid-Afrika,*** 10(9), September, 1985, pp.26-27.

sewentig skaars oorweeg is, moet weer eens by die Regering se houding jeens die posisie van ander kleurgroepe gesoek word. Die Nasionale Party se skepping van ‘n nuwe regeringstruktuur in 1983, waarin die Indiër en Kleurling die reg op besluitneming in landsaangeleenthede gekry het, [192] het die veranderde denkpatroon van die Regering sonder veel opspraak op plaaslike owerheidsvalk laat deurwerk.

Teen 1988 het die vestiging van uitgebreide infrastrukturele dienste vir die Indiërs te Blybank ‘n aanvang geneem.[193]

### *2.5.3 Kleurlinge*

Kleurlinge het eers lank nadat die goudmynbedryf in die Carletonville-gebied gevestig is, die omgewing op klein skaal bevolk.[194] Die nuwe werksgeleenthede wat die goudmynbedryf geskep het, is vermoedelik die vernaamste rede vir hulle aanwesigheid. Teen die tyd dat Khutsong in 1958 geproklameer is, het nog geen aparte behuising vir Kleurlinge in die Carletonville-omgewing bestaan nie.[195] Gevolglik het van die sowat 452 Kleurlinge wat teen 1960 in die gebied was,[196] hulle toevlug na Khutsong vir huisvesting geneem.[197]

Nadat die Kleurlingdorp, genaamd Toekomsrus, in 1965 in die distrik Randfontein gevestig is, is Carletonville se Kleurlingbevolking deur die Stadsraad van Carletonville aangemoedig om daarheen te verskuif.[198] Volgens die 1970-sensusgegewens het die Kleurlinge in die Carletonville-gebied sowat 967 siele getel,[199] wat beteken dat die hervestigingspoging sedert 1965 nog nie ’n uitwerking op die plaaslike Kleurlingtal gehad het nie. Die lang afstand wat

---

[192] F. Venter, “Die einde van die eerste… en die begin van die tweede Republiek van Suid-Afrika”, ***Oënskou,*** 2(8), September 1984, p.294.

[193] J.C. Schutte (red.), wesrand Streeksdiensteraad, beplanningsondersoek, p.131.

[194] PU vir CHO, Voorgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2…, verslag no. 3, 1956-57, pp.11-13.

[195] Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Notules: notule, ondersoek ingevolge die Wet op Groepsgebiede 1950, Wesrand-Streek, 24.9.1957.

[196] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Satistiekdiens, verslag no. 02-85-01, ***Bevolkingsensus geografiese verspreiding van die bevolking met ‘n oorsig vir 1960-1985,*** 1985, p.420.

[197] TAB, MCV, Band 4, lêer 2/2/2, Amptelike onthale en funksies: verslag van die burgermeester, April 1961.

[198] TBP, MCV, lêer 33/3/3(a)(a), Kleurlinge: notule, vergadering van die Bestuurskomitee, 11.5.1965, asook brief, Stadsklerk Randfontein/Stadsklerk Carletonville, 21.8.1967.

[199] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Satistiekdiens, verslag no. 02-05-06, ***Beroep en nywerheid volgens distrik en ekonomiese streek, 1970,*** 1970, p.115.

Kleurlingarbeiders vanaf Randfontein na hul werkplekke in Carletonville sou moes aflê, is ŉ moontlike rede hiervoor.

In 1983 is die erwe wat in Blybank vir Indiërs beskikbaar gestel is, ook vir Kleurlinge oopgestel. Die Gold Fields of South Africa-Groep het die Stadsraad se ontwikkeling van Blybank heelhartig gesteun, veral omdat die nypende tekort aan geskoolde mannekrag[200] daardeur verlig kon word.[201]

Ten spyte van die oopstelling van Blybank wil dit voorkom asof die sestigerjare se poging, naamlik om die Kleurlinge van Carletonville op Toekomsrus te vestig, teen die dekade tagtig wel ŉ beslissende invloed op die plaaslike Kleurlingtal gehad het. Gedurende 1985 tot 1988 was slegs sowat 420 Kleurlinge in die Carletonville-gebied woonagtig.[202]

### *2.6 TEN SLOTTE*

Uit die voorafgaande bespreking van die dorpsontwikkelingsproses wat in die munisipale gebied van Carletonville voltrek is, is dit duidelik dat die ontginning van die ryk goudneerslae in die area die vernaamste faktor vir die proklamering en die skep van ŉ gunstige ekonomiese klimaat ter plaatse was. Verder is vermeld dat die landelike karakter van Carletonville, nieteenstaande dorpsontwikkeling en die goudmynbou, deur die jare heen nie verlore gegaan het nie. Hierdie plattelandse atmosfeer rondom die dorpsuitbreidings is grotendeels aan die landbousektor te danke. In watter mate laasgenoemde sector deel van die plaaslike ekonomiese raamwerk uitmaak, word in ***Hoofstuk Drie*** bespreek.

[200] TBP, MCV, lêer 33/3/3(a)(a), Kleurlinge: brief, Bestuurder Eiendomsafdeling Gold Fields of South Africa/Regional Representative, 17.10.1980.

[201] ***Seipone***, 29.4.1983, p.1 asook 25.9.1983, p.1.

[202] Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Satistiekdiens, verslag no. 02-85-01, G***eografiese verspreiding van die bevolking met 'n oorsig vir 1960-1985,*** 1985, p.420. Vergelyk ook J.C. Schutte (red.), ***Wesrand Streekdiesnteraad, beplanningsondersoek,*** p.131.